

## Seisoen van die Skepping

Geskryf deur Webmeester

Saterdag, 11 September 2010 13:09 - Laas Opdateer Maandag, 04 Oktober 2010 11:21

---

Daar is meer en meer kerke, vanuit verskillende konfessionele tradisies regoor die wêreld, wat 'n **Seisoen van die Skepping** in Koninkrykstyd vier, veral in die tyd na 1 September elke jaar. Dit volg op 'n voorstel in die verband van die Ekumeniese Patriarg Dimitri I van die Ortodokse kerk in 1989. In 'n aanbeveling van die Sentrale Komitee van die Wêreldraad van Kerke na aanleiding van die Wêreld-beraad vir Volhoubare Ontwikkeling (Johannesburg 2002) word kerke ook aangemoedig om 1 September elke jaar af te sonder as 'n dag van gebed vir die skepping en volhoubaarheid.

Sedertdien het kerke in Australië, Nieu-Seeland, die Filippyne en die VSA gekom met inisiatiewe om liturgiese materiaal te ontwikkel vir só 'n Seisoen van die Skepping (sien [www.seasonofcreation.com](http://www.seasonofcreation.com)). Die European Christian Environment Network nooi insgelyks alle kerke in Europa uit om 'n "Time for Creation" in die tydperk van 1 September tot die tweede Sondag in Oktober te vier. Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het in Februarie 2007 ingestem dat 'n Seisoen van die Skepping by die kalender toegevoeg word en die Network of Earthkeeping Christian Communities in South Africa het ook reeds hierdie voorstel ondersteun. So 'n Seisoen van die Skepping, saam met die viering van Omgewingsondag (6 Junie 2010) en verskeie ander kerklike feesdae, kan kerke in Suid-Afrika inderdaad help om hierop te fokus.

**Die 19de September begin 'n Seisoen van die Skepping.** Hier word dus eers 'n paar gedagtes daarvoor geplaas, waarna die teks vir vandag aan die orde sal kom.

Daar is wêreldwyd 'n toenemende besorgdheid by Christene oor die ekologiese krisis en oor die manier waarop mense misbruik maak van God se skepping. Dit het onder andere daartoe gelei dat daar in die viering van die kerklike jaar ook plek ingeruim word vir geleenthede om in die erediens en prediking te fokus op die skepping en die mens se Godgegewe roeping om na die skepping om te sien.

Ons voorstel is dat die Seisoen van die Skepping in 2010 oor **vier Sondae** gevier word, naamlik op

**19 en 26**

**September en 3 en 10 Oktober**

. Dit bly egter 'n seisoen binne die oorkoepelende seisoen van Koninkrykstyd. Die fokustekste in die Leesrooster vir hierdie vier Sondae is tekste uit die twee Timoteusbriewe.

Ons fokus agtereenvolgens op:

1. **Oseane** - [1 Timoteus 2:1-7](#) - 19 September - "*Gebed vir alles en almal*"
2. **Diere** - [1 Timoteus 6:6-19](#) - 26 September - "*Tevredenheid in God en God se wêreld*"
3. **Storms** - [2 Timoteus 1:1-14](#) - 3 Oktober - "*Staande in die storms*"
4. **Kosmos** - [2 Timoteus 2:8-15](#) - 10 Oktober - "*Getrouheid aan die evangelie verg self-prysgawe*"

## Seisoen van die Skepping

Geskryf deur Webmeester

Saterdag, 11 September 2010 13:09 - Laas Opdateer Maandag, 04 Oktober 2010 11:21

---

### Hulpmiddels op die Internet:

- Foto's by [www.flickr.com](http://www.flickr.com). Onder "Advanced Search", klik op "Only search within Creative Commons-licensed content" om foto's te kry sonder om kopiereg-wette te oortree.
- Video's by [www.muddyrivermedia.org](http://www.muddyrivermedia.org), bv.:
- <http://www.muddyrivermedia.org/media/muddy-river-media/2009/ocean-waves>
- <http://www.muddyrivermedia.org/media/muddy-river-media/2009/ocean-waves-slo-mo>

### Video's by Youtube

- <http://www.youtube.com/watch?v=52RE2WXN4xA>
- [http://www.youtube.com/watch?v=0flkNRkXuJo&feature=watch\\_response](http://www.youtube.com/watch?v=0flkNRkXuJo&feature=watch_response)
- <http://www.youtube.com/watch?v=QYLWmXT28wY&feature=related>
- [http://www.youtube.com/watch?v=nSfTn\\_NFwhI](http://www.youtube.com/watch?v=nSfTn_NFwhI)
- <http://www.vimeo.com/gdn> - Videos by GDN se Vimeo site:

### Liturgiese voorstelle

- [www.seasonofcreation.com](http://www.seasonofcreation.com)

### Nog voorstelle:

- Jy kan snitte wys uit die "Planet Earth"- DVD reeks
- Vier Assisidag (4 Oktober) wat sy oorsprong vind in die skeppingsfokus van die lewe en werk van Fransiskus van Assisi. Dit val binne die seisoen van skepping en kan goedsikks op die voorafgaande of daaropvolgende Sondag deel uitmaak van die viering tydens die erediens.